

Verklaring deur **Drakenstein Uitvoerende Burgemeester – Conrad Poole**

Vrystelling: Onmiddellik

5 Oktober 2016

Die oprig van selfoontorings in Drakenstein

Daar is die afgelope tyd baie bespiegel in die plaaslike media rondom die beweerde gevare wat selfoontorings kan inhou. Die onderwerp het reeds hewige debat uitgelok.

Soos Drakenstein uitbrei en gebruikers van selfone toeneem, moet die selfoonnetwerkverskaffers torings en antennes oprig om seker te maak hulle kliënte kry opvangs om hulle sellulêre toestelle ten volle te benut. Hierdie torings en antennes word opgerig op hoë geboue onder andere op kerktorings of areas waar daar oop grond dwarsoor die Drakenstein gebied.

Hierdie antennes word ongeveer 900m uit mekaar gespaseer om seker te maak die beste opvangs word gebied. Omdat daar in sommige areas nie geboue is wat hoog genoeg is om die antennes te huisves nie, word torings opgerig om die ontvangstoestelle te huisves. Afhangende van die omringende omgewing, kan 'n mas(toring) vermom word as 'n boom, of 'n geverfde windpomp ten einde dit te verberg. 'n Grondgebruikgoedkeuring van die Munisipaliteit word benodig vir die oprig van selfoontorings of antennes op plase, enkel woonerwe, woonstelerwe, park erwe en by skole. Hierdie aansoeke word geadverteer en die publiek word uitgenooi om kommentaar te lewer en die kommentaar word oorweeg tydens die evaluering van die aansoek vir die oprigting van die toring, soos met gewone bouplan sal gebeur.. Op ander erwe is dit slegs nodig dat bouplanne ingedien en goedgekeur moet word alvorens die torings opgerig kan word. Indien 'n aansoek ontvang word vir die oprig van 'n toring op munisipale eiendomme of strukture moet die Raad goedkeuring verleen anders word dit meestal hanteer per gedelegeerde bevoegdheid.

Alle areas binne Drakenstein beskik oor selfoontorings, en addisionele torings/antennes word gereeld bygevoeg om netwerktoegang aan verbruikers te verskaf. Dit is onwaar dat torings net in armer gemeenskappe opgerig word. Die installering van hierdie torings gaan gepaard met 'n groot aantal regulasies, wat daarop gemik is om die veiligheid van inwoners te verseker. Dit sluit in hoogte van die torings, asook riglyne vir die hoeveelheid energie die torings mag uitstraal. Uitgebreide, intensiewe navorsing regoor die wêreld kon tot op datum nog geen bewyse vind dat selfoontorings gesondheidsgevale inhou nie. Hierdie navorsing word ondersteun deur erkende instansies en kundiges. Die Nasionale Departement van Gesondheid het deeglik aandag aan hierdie saak gegee deur die jare en die amptelike mening van die departement is dat selfoontorings en ander soortgelyke koordlose (wi-fi) toestelle nie 'n gesondheidsgevaar vir mense inhou nie. Hierdie

bevinding beveel ook aan dat munisipaliteite en ander owerhede nie torings kan afkeer uit 'n openbare gesondheidsoopunt nie, omdat alle bestaande navorsing wys dat hierdie torings en antennas nie gevaarlik is nie.

Ongelukkig is daar baie pseudo-wetenskap, veral op die internet beskikbaar, wat op onwaar, nie-geverifieerde en selektiewe navorsing gebaseer is en vals of onvolledige inligting, verkondig as waarheid. Die gerugte wat rondloop dat selfone en selfoontorings kanker en veral breinkanker veroorsaak word nie deur navorsing ondersteun nie. Van die 150 miljoen sterftes in die wêreld, jaarliks, sterf sowat 80 000 aan breinkanker (dus 0.05%). In vergelyking met die hoeveelheid mense wat selfone gebruik en blootgestel word aan sellulêre antennas, is daar geen korrelasie tussen persone wat sterf aan brein- of verwante kankers en die blootstelling aan antennas nie. Daar is ook geen bewyse dat die 80 000 wat breinkanker ontwikkel dit ontwikkel weens blootstelling aan selfoone nie.

Selfoontorings stuur radiofrekwensiegolwe uit en vang dit weer op. Die golwe is dieselfde tipe golwe wat huishoudelike en motorradio's gebruik.. 'n Goeie voorbeeld van 'n kleiner weergawe van 'n selfoon antenna, is draadlose internet-modems (Wi-Fi), wat meer en meer algemeen raak in huishoudings. Selfone funksioneer ook soos 'n tipe radio antenna wat golwe opvang en weer uitstuur. Tot op datum kon daar nog geen verband gevind word deur wetenskaplikes tussen kanker of enige ander mediese siektetoestande en die gebruik van selfone, of die nabyheid van selfoontorings en antennas nie. Ons word dus elke dag deur torings omring wat radiofrekwensiegolwe uitstuur en ontvang, sonder dat ons dit eintlik besef of die antennas sien.

Die munisipaliteit is bewus dat daar inwoners is wat gegrief is deur die oprig van die antennas in hul woongebiede as gevolg van gesondheidsvrese. Ons wil die publiek gerus stel dat die Munisipaliteit nie iets sal goedkeur wat ons weet inwoners se gesondheid sal bedreig nie. Die rede vir die oprig van nuwe torings in areas soos Paarl-Oos is die toename in verbruikers in die area en ook ontwikkeling wat 'n behoefte daar gestel het vir beter selfoonopvangs.

Hierdie selfoontorings bied ook internet toegang bied aan vele jongmense sodat skool en tersiêre take gedoen kan word. Drakenstein sal voortgaan om die beste belange van die inwoners op die hart te dra in die oorweging van sulke aansoeke.

#Einde#